Rose

# OΦSAAL!



NO. 2: 1998

# OOM TOM BOSHOFF WORD 80

Ja! Dit is waar! Oom Tom het op 22 September 1998, 80 jaar oud geword. Hy is dus in die jaar van die groot griep gebore en dit oorleef!

Dit is seker hierdie groot oorlewingsvermoëns , wat hy in 1918 al geopenbaar het wat hom , op so 'n hoë ouderdom, steeds een van die sterkste stappers in Berg-en -Dal maak.

Sover ek kan vasstel het hy vroeër jare aleen en op sy eie, hier in die Outeniqwaberge rond gestap totdat hy en ander vriende, oa Lina Aucamp, Natalie Doman, Susan Theron en andere, sowat 5 - 6 jaar gelede op Dinsdae begin stap het, hoofsaaklik as 'n fiksword-oefening vir die Saterdag-stappe van Berg-en-Dal.

Tot sy eer kan ons sê dat die Dinsdag-stappe so populêr geword het dat dit al amper die hooffunksie van Berg-en-Dal begin inhaal.

Oom Tom is 'n baie fikse en sterk stapper . Hy stap nie net Dinsdae en Saterdae nie maar ook op ander dae sal mens hom dikwels in die berge raakloop.

Op 'n dag toe ons die Pas-tot-Pas gestap het, het hy met die terugkom geleidelik by al die stappers verby gestap en sommer die pad van "Topping" na sy huis toe aangedurf.Toe ek , na sowat 4 km van "Topping" af by hom stilhou en aanbied om hom op te laai, antwoord hy ewe vinnig "Nee Dankie, ek is te haastig".

Oom Tom is ook 'n kenner van die staproetes. Hy ken elke paadjie in die berg. Op 'n Saterdag sê hy "Nee ons kan nie die linkerpaadjie loop nie want die werkers is besig om bome te fel en dit kan gevaarlik wees. Op 'n ander keer toe ek, Magdaleen en Elsie moes omdraai, sê hy "Vat nou hierdie paadjie. Voorentoe sal dit lyk asof dit doodloop maar stap maar aan na die linkerkant toe en julle sal by die bekende pad uitkom" - So ken hy die berge.

Om Tom hou van stiptelikheid - op tyd vertrek. As dit 08.00 is moet jy klaar gepraat wees, anders sal hy jou aandag trek en daarop wys dat dit 08.00 is en "Ons moet begin"! Selfs ook by teetyd gee hy jou genoeg tyd om daai warm tee af te sluk. Of jy dit al gesluk het of nie, hy sê net "Opsaal!" en almal weet "ons loop nou".

Maar Oom Tom het 'n mooi persoonlikheid wat hom geliefd maak by die stappers. Ons is dankbaar vir hom, vir sy kennis, vermoëns, sy baie goeie voorbeeld en sy ware Godsdienstige ingesteldheid wat 'n mens nie maklik miskyk nie.

Oom Tom : Ons wens u baie hartlik geluk met u 80ste verjaarsdag (22 September). Mag die nuwe lewensjaar vir u, tannie Mavis en kinders baie goeie gesondheid, lewensvreugde, voorspoed en Gods Rykste Seëninge inhou.

"Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op hom vertrou." - 2 Kronieke 16:9.


"Laat jou sorge aan die Here oor. Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie." - Psalm 55:23

"Die Here is goed. Hy is 'n toevlug in nood. Hy sorg vir die wat by hom skuil." - Nahum 1:7

Dr W A Hofmeyer sê :-

"Ek kyk agteruit : en ek is dankbaar
Ek kyk op : en ek is gelowig
Ek kyk vorentoe : en ek is moedig"

Oom Tom, Ons salueer u!



# VISRIVIER AFGRONDE - NAMIBIA

7 de tot 14 Junie 1998 — Deur Anna Van Niekerk

Dit het gekom -
Dit het gegaan -
Maar wat 'n Wonderbelewenis daarmee tesaam !

Na al die heerlike voorbereidings en ook nog 'n laaste telefoonoproep die Saterdagaand van Bing en Hilda vanaf Knysna om ons voorspoed toe te wens ( Ons gaan hulle baie mis, maar ek glo daar gaan weer 'n geleentheid kom - want sien, Hilda het nog net in 'n droë rivierloop gestap en wil ook graag lekker lyf gaan natmaak in die poele) het ons almal op 'n baie koud en nat Sondagoggend om 6.00 vm oorkant die Toeriste Oord bymekaar gekom.

Daar was Faan, Mathie, Willie en Joey in Faan se "Double Cab", dan was daar Rufane en Rufane Jnr. In 'n Corsa en die res van ons - Austin, Sarie, Nellis - Hannes, Hettie en Rina (ons drie vriende wat as gaste ons getal volgemaak het, nadat 'n paar van ons stappers ongelukkig moes onttrek) asook Eddie en myself. Ons het saam met Dave Griffiths in sy Kombi gery.

Dave is van Outeniqua Toere en het die agt van ons, tesame met ons "Moerawiese" rugsakke en ander bagasie, in die Kombi en sleepwa veilig na Ai Ais en terug vervoer. Die drie voertuie het al die pad saam gery - Ons het 'n paar maal langs die pad gestop om bene te rek, tee te maak en lekker aan ons padkos te smul. Op een stadium het Joey ons almal verras met 'n heerlike dadeltert, om Willie se verjaarsdag van die vorige dag te vier.

Ons het so net na 4.00 nm op Clanwilliam aangekom, waar ons in baie goed toegeruste chalets by die dam oornag het. Ons het lekker gebraai en toe het die hele klomp van ons die pad gevat en dorp toe gestap - 'n lekker opwarmpie vir die groot stap wat voorlê.

Maandag oggend dou voor dag het ons die tweede skof aangepak na Ai Ais. By Garies moes Sarie egter to haar groot ontnugtering uitvind dat hulle eers in Augustus oopmaak. Hierdie storie het vir baie lag gesorg. Sarie weet toevallig van 'n winkeltjie wat die heerlikste tuisgebakte brood, uit 'n bakoond in die agterplaas voorsien. Sy vra toe vir 'n dame voor die winkel of hulle nog sulke lekker brood verkoop? Die antwoord kom toe, dat hulle nog nie oop is nie. Sarie wou weet , hoe laat hulle dan oopmaak? - Die antwoord - "Nee ons maak net oop as daar mense is" Sarie wou toe weet of ons dan nie mense is nie? Die dame antwoord toe - "Nee ons maak eers in Augustus oop, wanneer die mense kom blomme kyk". Glo my vir ons almal sal Garies van nou af eers in Augustus oopmaak.

Ons het sommer lekker vroeg in Ai Ais aangekom - gaan afpak by ons woonkwatiere en die res van die middag verwyl, deur heerlik in die warmwater swembaddens te ontspan. Die aand het ons lekker saam gebraai. Eddie het vir almal 'n baie voorspoedige en aangename stap toegewens en Faan het vir ons so ietwat ingelig oor wat ons te wagte kon wees op die eerste dag se stap - daarna is almal na hulle gate.

Dinsdagoggend baie vroeg het Eddie en Hannes saam met Faan - hulle en Rufane - hulle gery na die beginpunt van die roete, 50 ± 80 km, sodat hulle die twee voertuie kon terugbring na Ai Ais, waar ons oor 5 dae sou uitstap. Die res van ons is toe saam met die Kombi na die beginpunt. Dit was winderig en koud, maar ons het dit skaars agtergekom. Die eerste groep het alreeds met die roete begin en sou vir ons onder by die rivier wag, maar Faan het teruggedraai om vir ons klomp te kom inwag en ook vir ons, die moeilike afgaan

op video te kom vaslê, waarvoor ons vir hom baie, baie dankie sê. Hierdie video sal beslis een van my kosbaarste herinnerings wees.

Die veel gevreesde twee uur se steil afgaan na die rivier - loop was toe vir die meeste van ons "a piece of cake", al kon ons nie van die twee "scooters" gebruik maak wat daar sonder wiele regop gestaan het nie, alhoewel almal probeer het om hulle aan die brand te skop.

Ek gaan nou nie van dag een tot dag vyf 'n relaas van die Heerlike - Heerlike Stappery gee nie, want wil nou hier en nou vir almal wat nog nie daar was nie, en wat lus voel vir die "Vis" sê"Maak 'n lekker groep op - bespreek en gaan stap hom - Dit is beslis die moeite werd".

Ons was gelukkig - Die weer was wonderlik - die water in oorvloed - en saans die pragtigste volmaan om oor ons klompie riviersand - slapers te waak.

<u>So 'n paar onthou-julle-Nogs!</u>

1. Faan en Mathie se koningsgrootte bed kompleet met "Headboard" en bedkassies van klippe gepak.
2. Willie en Joey se akkomodasie was meer 5 ster met meer as een vertrek, met bedlampie "die works" elke aand.
3. Sarie en Nellis se aandete land byna in die sand teen 'n baie skuins kliptafel af.
4. Heel op sy eie, sommer so op die vlakte - word 'n groot stuk sand mooi gelyk geskraap - seil oopgegooi - alles perfek uitgepak en daar oornag Austin in styl.
5. In 'n sloepie tussen rotse, vlieg Hettie op en gil net "muis! - muis!". Eddie grap toe en sê sy moet vir die muis kos uitsit vir die nag, anders gaan hy homself uit haar rugsak help; Sy doen dit toe sowaar en vra ewe bedees "Eddie dink jy dit is genoeg vir hom"?
6. So 'n entjie weg slaap die twee Rufane's - Is hulle dalk groot Snorkers? Of koes hulle net weg van ander snorkers?
7. Die vinnigste nesskop en kosmaak se prys behoort aan my en Eddie. Ons kon elke aand terugsit en kyk hoe almal se maaltye voorberei word.Die rede hiervoor is baie eenvoudig! Minute noodles "met kaaspoeier of" gepoeierde kaas. - Heerlik!
8. O! Ja! En dan was daar iemand wat leë bierblikkies saamgedra het, met water gevul en langs die vuur geplaas het en siedaar, koffiewater klaargekook terwyl die vleis braai - Baie oulik Willie!

Ons laaste nag en dag in die Visrivier verdien eientlik 'n spesiale paragraaf of twee - Vrydagmiddag uitspantyd is die riviersand skielik nie meer so sag nie en elkeen skrop maar 'n gaatjie en sê vir oulaas nag vir die maan. Die vooruitsig van ons uitstap by Ai Ais die volgende dag, raak maar aan die maagsenuwees en so teen 3.00 uur die nag staan Willie op en gaan pak vars houtjies op die vuur. Nellis en Eddie sluit by hom aan, hulle geselsery in die middel van die rivierloop weergalm so deur die nagstilte; Meteens hoor ons net 'n vreeslike gelag - wat gebeur het - Austin het wakker geword van die geselsery, aanvaar dit is opstaantyd en toe die drie by die vuur weer sien staan hy tussen hulle ten volle geklee met rugsak en al - Dit het baie hard praat gekos om aan hom te verduidelik dat dit maat kort na 3.00 uur is en dat hy weer lekker kan gaan slaap. Nodeloos om te sê was die kans vir weer aan die slaap raak maar skraal en het ons maar stofies aangesteek en lekker koffie gemaak.

Saterdag het almal stap geruik en ons het met hemiede krag die laaste skof aangepak - baie dankbaar teenoor ons Skepper dat ons almal veilig en sonder enige probleme so vêr gekom het, maar vir ons ouens wat die Visrivier vir die eerste maal aangedurf het was Faan en Mathie se uitlatings van "Nog so 5 km" - of - "oor een uur stap ons uit" sommer goeie nuus. Maar meteens gaan sit Mathie op 'n klip - krap so 'n betjie in haar buidelsakkie rond en haal so ewe spoggerig haar goue juwele uit - Nek-ketting, oorbelle, ringe en wat nog meer. Dit is toe dat ons besef, die eiende is in sig en Ai Ais lê net om die volgende draai.

Ai en wat 'n heerlike uitstap! Faan is vooruit met die video kamera. Eddie stap voor en Jodel terwyl ons klomp al dansend en singende onder groot gejuig van die kampeerders tussen die karavane by Ai Ais uitstap.

Na 'n paar, 'n hele paar koue drankies en ure se ontspan in die helende warm swembaddens sê ons DANKIE ! - Die Visrivier se water was soet en lekker, ons sal dit weer gaan drink!

## RICHTERSVELD 4 - 14 AUGUSTUS 1998

Deur Eddie van Niekerk

Daar word gesê dat die Richtersveld die mees verlate gebied in SA is. So het 'n groep van ons besluit om hierdie droë dorre streek te gaan verken. Die groep het bestaan uit Faan, Mathie, Hennie, Annie, Rufane, Austin, Hans en ek. Ons het die 4 de Augustus vertrek na ons oornag bestemming te Springbok. Die volgende oggend vroeg het ons, ons tog voortgesit na die Richtersveld. Alhoewel die Richtersveld vroër nie baie besoek was nie as gevolg van swak paaie, moet ek eerlikwaar sê dat dit vandag 'n moet is op 'n stapper se program, aangesien die pad nou geteer is tot op Alexanderbaai. Die oorblywende 90 km na Sendelingsdrif is 'n goeie grondpad wat in stand gehou word deur die myn maatskappye.

Op Sendelingsdrif aangekom het ons die nodige aanmelding gedoen en reëlings getref vir ons gids om ons te kom ontmoet by die ou historiese Kodes Kopermyn Ruines. Hierdie ruines is so ± 15 km vanaf Sendelingsdrif wat ook die beginpunt is vir die aanslag op Kodespiek. Die Kodespiek roete is veronderstel om in twee dae gestap te word, maar die Berg en Dal stappers laat nie vir hulle voorsê van hoe lank daar gestap word aan 25 km met 'n hoogte van 982 meter nie. So het ons besluit om hierdie roete in een dag te voltooi. Toe ons hierdie plan aan die gids oordra, het ons gesien hy raak so vaal en sluk na sy asem. Soos afgespreek het ons gids ons die volgende oggend ontmoet en die tog het begin. Nou wil ek sommer uit die staanspoor sê, daar is nie water nie, jou water wat jy saamdra moet jy spaarsamig gebruik. Op die roete het ons geen diere gewaar nie. Dit is as gevolg van die uiterste warm kondisies.

Die berg - woestyn - uitsig vanaf die piek is asemrowend. Jy kan die rooi duine van die Namibwoestyn in die noorde sien, sowel as die van der Steerberg en die Rosytjie - Oemsberge.

Die halfmens bome op hierdie roete was pragtig, sowel as die reuse kokerbome.
Die terugtog was redelik vinnig en hier het ons, ons gids in sy "kontoer" in gestap, want elke keer as ons gestop het om 'n plant te besigtig het hy neergeslaan soos 'n dooie en gesê dat hy nog nooit hierdie roete in een dag voltooi het nie.

Ongelukkig het Rufane se siekte hom nie toegelaat om die stap in dir Richtersveld mee te maak nie.

Die volgende dag het ons groep met die twee voertuie deur die Richtersveld Nasionale Park na Kuboes gery, waar ons volgende 4-dagstap sou begin en eindig.

Net buite Kuboes in die plantasie was ons gehuisves in twee matjieshutte wat spesiaal vir ons opgerig was deur die Nama inwoners. Die volgende oggend het Hans besluit om nie die stap mee te maak nie, aangesien hy nie wel gevoel het nie.

Deur die nag het die wind stormsterkte bereik - so erg dat ons amper besluit het om op te pak, maar toe tog besluit het om voort te gaan.

Hierdie roete van 4 dae sou ons neem na die Venstervalle en die Amphi-teater Met die klim om hoogte te bereik na Leliesfontein waar ons ons eerste water in die fontein sou vind, het die wind ons baie gepla, 'n rukwind wat my gelukkig gemis het, het vir Matie en Austin plat teen die grond geslaan.

Die eerste nag het ons oornag by die "Baba Baddens" - dit is rotspoele vol water wat onbruikbaar is as gevolg van die Boerbokke wat daar drink en dit bemors.
Hierdie roete was mooi, die dae was baie warm en die nagte koud. Ons het 2 nagte by die Venstervalle deurgebring, van waar ons met dagpakke na die Amphi-teater gestap het. Die Amphi-teater is 'n groot gat met 'n deursnee van ongeveer 50 meter en walle wat ± 100 meter hoog is; 'n dun druppende straaltjie water wat oor die rotse uit 'n skeurtjie loop, is veronderstel om 'n poeletjie water te vorm, maar die water was so min dat ons nie eers ons bekers kon vol skep nie.

Die Venstervalle is eintlik 'n skeur van so ongeveer 4 x 4 meter in 'n rots, waardeur die rivier sou stroom en na benede sou stort wanneer die rivier in vloed is. Die eintlike mooi van die staproete vir my, was die vêrgesigte van die berge en skeure en dan die oorvloed van die rare Halfmens bome.

Met die uitstap vanaf die hoogte sien jy Kuboes daar in die verte, waar ons geweet het dat daar 'n koue drinkdingetjie beskikbaar sou wees.

Met die aankoms by die hutte het Rufane en Hans ons ingewag met twee vars gebakte brode, wat ons vooraf bestel het by 'n Nama vrou. Dit het toe deel uitgemaak van ons heerlike laaste aandete in die Richtersveld. Die volgende oggend het ons, ons terugtog aangepak. - **Huistoe** - !

<u>Opsomming</u>
Soos reeds genoem is die Richtersveld 'n moet as gevolg van die goeie pad. Dit is warm en droog en enige groep wat hierdie stap wil aanpak, moet weet hulle gaan sweet. Dit is 'n ander soort mooi en 'n deel van die land wat ook ervaar moet word.

## DIE RICHTERSVELD

In die Richtersveld woon meen'ge held
Ja daardie stil tevrede mense
Wat met die min tot hul beskikking
Mens noop tot waarde herrangskikking

Soos ongeslypte diamante
Wat uitgesif word uit die gruis
Is die mense van die Richtersveld
in hulle eie bodem tuis

Koolganna, donkiebos, skaapbos, ghoeniebee,
Taaibos, botterboom en nagtelik geskree van die huidjiehee
Saam met jakkels wat sy stem laat hoor
Als goeters wat aangryp en bekoor

Slymstok, kannies, baro, kambro
Alles eetbare veldkos kan jy glo
Voeg ghobba en koekemakranka by
En mens kan kwalik beter kry

Oems- Vandersterr- en Rosyntjieberg
Versteek natuurgeskepte wonders
Dis bababaddens en fonteine met water
En by uitstek besonders die amfiteater

'n Indrukwekkend rotseboog
Is by die Venstervalle hoog
So bykans bokant mens begrip
Gespoel gevorm uit rots en klip

In tradisionele matjieshuis
Gaan eregas-besoekers tuis
Dis heel doelmatig en dit stuur
Gedagtes t'rug na die kultuur

Taal en kultuur is hier
Nog eie aan die mense
Maar stel hul primitief gerief
nie aan hul strewe grense

En tog word hier 'n stryd gestry
Deur leiers wat nie wil agterbly
Hul swoeg en sweet en poog te bou
aan 'n toekoms wat nog moet ontvou

Hul oë word suidwaarts gerig
waar sogenaamd vooruitgang is
Maar vind dat hulp uit hierdie oord
Nie kom tot hul land se poort

Die halfmens van die Richtersveld kyk altyd Noord
En hunker om weer t'rug te gaan
T'rug na die oord waar hy behoort
Daar kom sy voorgeslag vandaan

Aan die skuilkant van die matjieshuis
As wind deur matjiesriete suis
En mens nou stil word en sit luister
Met veraf blik na die gefluister
Van son en wind wat die boodskap dra
Dank ons Skepper Heer dat hy van jou vra
Juis in hierdie land jou juk te dra

**Faan Strauss**
**BERG-EN-DAL VOETSLAANKLUB** (George)
19.08.1998

### GEORGE - MOSSELBAAI - AFLOS - 22 AUGUSTUS 1998

Hierdie was 'n aflos wedren tussen George en Mosselbaai. Benewens die 25 hardloopspanne wat deelgeneem het, het 8 stapspanne ook ingeskryf. Om 06:30 het die stapspanne in reënweer by die stadsaal, George begin. Om 08:00 het die hardloopspanne in gietende reën weggespring. Elke span het bestaan uit 6 persone. Die roete vanaf die stadsaal volg die ou pad verby die lughawe, Chinese Wildplaas deur Groot Brakrivier en dan met 'n grondpad na die Riviera Hotel in Hartenbos. Die afstande en uitslae was:-

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 ste been | 8,2 km | Gysbert | 0:58:12 |
| 2 de been | 8,2 km | Allan | 1:03:58 |
| 3 de been | 9,6 km | Hennie | 1:05:23 |
| 4 de been | 5,4 km | Faan | 0:38:37 |
| 5 de been | 8,3 km | Mel | 1:03:38 |
| 6 de been | 7,1 km | Willie | 0:47:05 |

Totale afstand van 46,8 km in 5:36:53 uur gee 'n gemiddeld van 7 min 12 sek per kilometer.
Uit 8 stapspanne het ons die 4de plek ingeneem.
Nieteenstaande die vroeg - oggendreën het ons die aflos terdeë geniet. Ons het almal ons beste gegee. Die spanne wat ons gewen het was:-

| | | |
|---|---|---|
| 1 ste Blanco Striders | (2 mans & 4 dames) | 5:24:14 |
| 2 de Garden Route Angels | (6 dames) | 5:24:22 |
| 3 de Legal Eagle | (3 mans & 3 dames) | 5:34:28 |

Ek sê graag baie dankie aan al ons deelnemers en veral die ondersteuners wat nie net saam met ons in die wedren was nie maar ook die ligte verversingkies byderhand gehad het.
Ons maak weer so volgende jaar!?

G.J. Neuwey

# -DIEET-

***** GEWAARBORG OM 20 KG BINNE EEN WEEK TE VERLOOR *****

| | | |
|---|---|---|
| Maandag: | Ontbyt: | Koppie flou tee |
| | Middagete: | Pruimedant pit, suig vir 10 sekondes |
| | Aandete: | 1 Mossieboud (oondgebak), 3 ml pruimedantsap |
| Dinsdag: | Ontbyt: | Gekapte krummels van een sny verbrande roosterbrood |
| | Middagete: | 1 Dougnutgaatjie sonder suiker |
| | Aandete: | Lees 'n resep vir gebraaide kalkoen. LW Lees dit net! |
| Woensdag: | Ontbyt: | 1 Duifeier gekook |
| | Middagete: | 6 Papawersaadjies (ontpit) |
| | Aandete: | Bye knieë en muskietknekels in asyn gemarineer |
| Donderdag: | Ontbyt: | 10 Tamatie pitte |
| | Middagete: | "Belly Button" vars in Navel lemoen |
| | Aandete: | 3 Aartappel-ogies in blokkies gesny |
| Vrydag: | Ontbyt: | 2 Kreefvoelers - suig dit net |
| | Middagete: | 1 Goudvis liggies gebraai |
| | Aandete: | Sop gemaak van aftreksel van 'n jellievis been |
| Saterdag: | Ontbyt: | 4 Gekapte piesangpitte |
| | Middagete: | 1 Gekookte skoenlapperlewer |
| | Aandete: | 1 Geroosterde muggieboud (halwe porsie) |
| Sondag: | Ontbyt: | Ingelegde suikerbekkietong |
| | Middagete: | Prima rib van paddavis |
| | Aandete: | Geroosterde sprinkaanboud |

**MAANDAG: TREF BEGRAFNISREëLINGS**
**AVBOB: Tel nr (061) 237845 of faks lyk na (061) 2266122**

### SWELLENDAM - LANGEBERG ROETE

Om 05h30 <u>op Woensdag 14 September 1998</u> vertrek, Mathie, Faan, Gys, Annie, Hennie, Bing, Hilda en Eddie vanaf George na Swellendam.
Hennie het gereël dat daar vroeg gery word. Sy verskoning om die ander lede so vroeg uit te jaag, - "Ek ken die roete en was al 4 keer daar", en dit word aldus aanvaar.
Om 07h45 is die groep te Marloth Natuurresevaat, Swellendam. 'n Duplikaat permit word by die kantoor aangevra, daar dit, soos "goeie" stappers betaam het dit by George agter gebly. Die hekwag maak seker dat alle voertuie, en die permitnommers en die getal persone geboekstaaf word. Die indruk word gewek dat toegangsbeheer streng is. Hierdie word egter in die wind geslaan toe ons die Saterdag uitstap, die hek oop vind en persone na willekeur die reservaat in - en - uitgaan.
Ontbyt word eers geniet voor die groep in die pad val na Boskloof. 'n Nuwe roete word nou gevolg. Ongeveer 500 meter vanaf die beginpunt is nuwe hutte nou opgerig, vanwaar verskeie dagroetes gestap kan word. Hiervandaan klim die roete met mening om weer

bokant die ou Kalonieboshut na die rivier af te daal. Nou stap ons groep teen die voet van 10 Uurkop om en klim voordurend totdat ons weer van die "Hoek" effens daal. Ons het nog heel oggend voorspoedig gestap en Bing en Hilda het die kameras warm gehou. Die omgewing is 'n lushof van pienk heide. Tot hier het dit nog goed gegaan maar nou begin die krampe Bing vas te vat. Ons is reeds verby die halfpad merk en ons moet Bing net help om sy sak op die berg te kry en sy spiere 'n kans gee om te rus. Eddie en Hennie dra Bing se sak om die beurt, terwyl Faan en Gys hulle sakke 'n ent voorentoe neem en weer die ander sakke kom haal. Die heupband van Bing se sak hang net bokant Eddie se knieë en dit lyk of hy lank gespan is - redelik komieklik.

Dit is hier waar die vroeg opstaan van vanoggend sy waarde toon. Met Bing se sak op die berg word geen verdere probleme ondervind nie. Om 17h30 is almal tuis te Boschkloof. Alhoewel redelik koel, word daar in die koue bergstroom gewas.

Dinsdag 15 September 1998. Ons klim van meet af teen Drosterspas, op na Goedgeloof. (Die pas ontleen sy naam aan die slawedrosters, wat hier oor die berge gevlug het). Die Heide is vanoggend 'n fees vir die oog en die soet heuningreuk hang in die lug. Ons is vroeg teen die berg uit en die stap nou op die plato oor die berg na die Karroo. Die son word warm maar daar is voldoende water op die berg. Die voetpad lei nou oor die Goedgeloof-nek en daal steil (400 meter), oor ruwe klippe en rotse vir 'n afstand van ongeveer 4 kilometer tot aan die voet van die berg, waar die Goedgeloof-hutte geplaas is.

Dit is nou baie warm en die son eis sy tol. Die roete lei deur windgeërodeerde rotse, wat verskeie beelde aanneem afhangende van jou verbeelding. Dit is nog vroeg en nou word klere gewas. Hierdie hutte beskik ook slegs oor die basiese geriewe. Vandag het ons gestap sonder enige probleme - afstand 10,5 kilometer.

Woensdag 16 September 1998. Ons stap vroeg oggend om die voet van die berg, deur welige Tolbosse tot by die Warmwaterrivier, waar ons bottels vul vir 'n klim van 350 meter tot op Warmwaternek, wat almal sonder probleme vermag. Ons geniet tee op die nek, alvorens ons feitlik gelykgrond, tussen proteas deur na Proteavallei stap. Vanaf die roete is pienk Heide weer opsigtelik op die plato en Mistypoint (1710m) toring uit vanaf die plato soos dit nog selde gesien is. Ons is voor middagete by Proteavallei. Na middagete stap almal behalwe Annie en Hilda na die Vensterbank, 'n afstand van 6 kilometer heen-en-weer. Die uitsig van hier af oor die vlakte onder die berg en die see in die verte is asemrowend. Almal, wat daarheen gestap het, stem saam dat dit al die moeite werd was.

Donderdagoggend 17 September 1998. Ons stap vandag deur die "Twistniet" vallei en die voetpad lei deur Proteas, so ver as wat die oog kan sien. Water is volop en kan feitlik in elke kloof gevind word. Daar word nie vandag vinnig gestap nie, daar die afstand slegs 13 kilometer na Nooitgedacht is. Vanaf die Dwangnek na die Dwangrivier word daar 600 meter gedaal, waar tee geniet word. Ons geniet middagete langs die Rietrivier, voordat ons oor Luiperdnek stap en weer na Nooitgedacht hut daal. Die veld is mooi en almal geniet elke oomblik. Ons is om 14h15 te Nooitgedacht hut, waar almal lekker in die son sit en was in die Nooitgedacht rivier. Hierdie is nie 'n baie indrukwekkende hut nie, en om alles te kroon vind Mathie wurms in die kraanwater, wat almal afskrik.

Vrydag 18 September 1998. Om 06h50 is ons in die pad, daar ons vandag 21 km moet stap. Die eerste paar kilometers gaan dit flink, daar ons ongeveer 2 kilometer vanaf die hut 'n tweespoor pad vind, wat redelik maklik stap. Ons stap om die Harmesheuwel se voet en kyk af in die klowe, waardeur die Nooitgedacht rivier sy pad gewurm het. Vanaf hier is Bonnievale ook in die verte sigbaar. Ons draai nou in 'n Oostelike rigting en stap teen die Suidelike hange van die Langeberge, deur 'n kombers van pienk Heide so ver die oog kan sien. Ons voetpad lei deur een kloof na die ander en daar word voortdurend tussen 50 en 100 meters op en af gedaal en geklim. Ons geniet middagete in Bakovenskloof en om 16h00 is ons te Wolfkloof. Hierdie roete laat 'n mens werk. Te Wolfkloof vind ons 6 studente, wat baie gaaf is om hulle kamer, wat groter is, aan ons af te staan. Die aand word daar lekker gesing - ek wonder of dit nie iets te doen het met Bing se ryslikeur nie?

Saterdag 19 September 1998. Almal is reeds vanoggend om 05h30 op - klaarblykbaar opgewonde om uit te stap. Om 06h45 begin ons te stap in feitlik storm-sterkte wind. Daar word van meet af geklim vir 400 meter om op die plato te kom. Gelukkig is fynbos redelik hoog op die plato, wat ons beskerming teen die wind bied. Veldblomme is nog orals mooi, ons daal weer skerp na Hermitagekloof, waar ons langs die Kliprivier tee maak, net om weer 150 meter teen die kloof uit te klim. Hierna is die stap maklik deur die denneplantasie, waar ons om 10h45 by die bosboustasie aankom. Al wat nou nog oorbly is die laaste groepfoto, wat deur 'n vriendelike medestapper geneem word.

Die Swellendam roete is een van die roetes, wat slegs deur fikse stappers aangepak moet word. Daar bestaan slegs ontsnaproetes te Goedgeloof en Wolfkloof. Hierdie roete vergelyk goed met die Amatola roete. Die verruklike natuur, Vensterbank, fynbos, majestieuse berge en pragtige nuwe blomsoorte maak hierdie wandelpad 'n onvergeetlike avontuur.

Hennie Mouton

**VOETSLAAN**

As 'n stapper eers begin voet te slaan
Oor berg en dal en ook verder aan
Dan volg daar gou 'n uitslaap-roete
En dit plaas hom op sy voete

Van kwaad tot erger word die drang
Visrivier Richtersveld maak hom nie bang
'n Stap soos Naukluft so uit die boek
Word dan die meneer waarna hy soek

Die gejeuk spoor hom al verder aan
Om selfs na Drakensberg te gaan
Sy tent te dra met sy laaste krag
Om tog in 'gerief' te kan oornag

Dis dan wanneer wensdenkers begin te fluister
Van Kilomanjaro en as jy luister
Hoor mens ook note van die buiteland
Van sekere stappers baie astrant

Om die ding nou nader tuis te bring
Dis Berg-en-Dal waarvan ek praat
Soms stap hul na die toring
Soms sommer net op straat

Die stappe rondom George
Is almal reeds al fyn getrap
En sommige stewels kan alreeds
Die bekendste roetes self gaan stap

Maar uitslaap-stappe word ook gereël
En so word niemand regtig verveel
Want elke keer is dit 'n fees
Om deel van so'n groep te wees

In die proses van uitslaap-stap
Word deur die land gekuier
Ja dit verbreed ons visie
So word ons uitsig wyer

Soms verskyn 'n verre vergesig
Waar mens skaars aan geraak het
Dit lê daar eindloos nog byna soos
Die Skepper dit gemaak het

Die Berg-en-Dal se voetslaanklub
Was almal lede wat kon stap
Party 'doet' dit eens lank gelede
En ander weer nog tot op hede

Soos jare kom en jare gaan
Sal eens ons almal stadigaan
Hoe hartseer dit vir ons mag lyk
Die einde van ons stap bereik

En as ons baan einde toe staan
Ons krag en ywer begin taan
Weet ons met vreug ons het geniet
Dit wat ons Leidsman ons wou bied

Opgedra aan ALLE Berg-en-Dal stappers
Faan Strauss (ook een) : September 1998

## BERGPASSE IN ONS OMGEWING

Uit 'n interessante en insiggewende publikasie - "So High the road" deur Jose Burman (Human en Rousseau 1963) lees ek die volgende, wat ek in kort wil deel met mede stappers. W. D.

Cradockkloofpas (Vernoem na Goeverneur Sir John Cradock)
Met die totstandkoming van "Georg Town" in 1811 is die 5 myl lange pas deur landros Van Kervel met 'n begroting van 5000 riksdalers gebou. Die outeur noem dat van Kerwel opvallend 'n beter landros as 'n pasbouer was.
Reg van die begin af was daar klagte oor die onbegaanbaarheid van die pas.
Op bladsy 9 lees ek:

> One of the officers who accompanied Montagu, wrote that "Cradock Kloof is the most impossible place for horses, much less wagons, that I ever beheld; it is positively as perpendicular in parts as the face of Table Mountain. The distance is only 5½ miles, but what with accidents and detentions, it was nothing uncommon for a wagon to be three days getting over the barrier."

Ietwat oordrewe maar dit weergee die sentiment van 'n vroë reisiger. 'n Heelwat meer sober beskrywing op bladsy 105 lees so:

> Bunbury, for instance, states:
> "The road over Cradocks Kloof certainly deserves its reputation, being the most formidably bad, if not af all roads I ever saw, assuredly, of all that pretend to be passable by wheels. Its steepness, the ruts, or rather chasms, by which it was furrowed, the masses of rock that obstruct it, can hardly be conceived by one who has not travelled beyond the civilised countries of Europe. The very attempt to drag any vehicle over such places, would seem incredible without the testimony of one's own eyes."

Onderstaande dramatiese tekening verskyn op bladsy 99 en gee vir ons 'n idee van hoe moeilik dit was om oor Cradokkloofpas te reis met 'n ossewa.

Na afloop van die 1834/35 Xhosa oorlog het Charles Cornwallis Mitchell - Landmeter Generaal en Superintendent van Werke - besluit om aandag te skenk aan verbindingsroetes. By inspeksie van Cradockkloofpas het hy besef dat dit 'n onbegonne taak sou wees om die pas te herstel of te verbeter. Hy besluit wyslik om 'n nuwe roete op 'n ander deel van Cradockkloof te bou - en so het die bekende Montagupas tot stand gekom.
Volgende keer wat ons Cradockkloofpas stap kan ons gerus dink aan die swoeg, sweet en beur deur mens en veral dier om met 'n ossewa oor hierdie formidabele pas te reis.

